

Dinsdag 31 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21

Fokusgedeelte: Openbaring 22:7, 12, 20

“Ek kom gou!”

Een van die eerste sinnetjies wat ons kleindogter by haar ma geleer het is: “Asjas, ons is nou-nou terug!” Asjas is hulle lieflinghond wat so goed na die kinders kyk. Ons kleindogter het gou aangevoel dat haar ma ’n spesiale gevoel vir die hond het en altyd die hond so groet as hulle uitgaan. So leer sy toe om dit ook te doen.

Het u al agtergekom wat die Here Jesus in die laaste hoofstuk van die Bybel drie keer vir ons sê? “Ek kom gou!” U kan dit maar nagaan in vers 7, 12 en 20. Is dit nie wonderlik nie? Hy is soos ’n verliefde en tog besorgde bruidegom wat met sy laaste kuiertjie sy toekomstige bruid weer en weer groet, want dit is môre die groot dag.

Sy liefde en besorgdheid blyk uit wat Hy elke keer byvoeg. Die eerste keer sê Hy in vers 7 iets soos: “Hou my woorde in jou hart.” En die tweede keer, in vers 12: “Ek bring vir jou wat jou toekom.” Dan verseker Hy sy bruid nog ’n keer in vers 13: “Onthou net, Ek is jou enigste, die eerste en die laaste vir jou.”

Ons, die bruid, staan met groot oë en luister. Maar, as Hy die laaste keer groet, kry ons dit darem reg om ook iets te sê (vs. 20): “Amen! Kom, Here Jesus!” Ja, kom tog gou, ek wag net vir U. So praat ’n bruid mos. Hoor ons kinders en kleinkinders dit by ons? Of hoor hulle net hoe lief ons die hondjies het?

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. JA Schutte (Johan) (emeritus)